

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Godsdienstige bagasie en Christelike vryheid. Vry van of vry tot?

Skriflesing: Matteus 23:1-12

Broodjies vir die pad

“Believing in him is not the same as believing things about him such as that he was born of a virgin and raised Lazarus from the dead. Instead, it is a matter of giving our hearts to him, of come hell or high water putting our money on him, the way a child believes in a mother or a father, the way a mother or a father believes in a child.”

— Frederick Buechner

“We rush through our days in such stress and intensity, as if we were here to stay and the serious project of the world depended on us. We worry and grow anxious; we magnify trivia until they become important enough to control our lives. Yet all the time, we have forgotten that we are but temporary sojourners on the surface of a strange planet spinning slowly in the infinite night of the cosmos.”

— John O'Donohue, *Eternal Echoes: Celtic Reflections on Our Yearning to Belong*

“Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.”

— Eugene H. Peterson, *The Message: The Bible in Contemporary Language--Numbered Edition*

“Those who do not move, do not notice their chains.”

— Rosa Luxemburg

“. . . some moment happens in your life that you say yes right up to the roots of your hair, that makes it worth having been born just to have happen. laughing with somebody till the tears run down your cheeks. waking up to the first snow. being in bed with somebody you love... whether you thank god for such a moment or thank your lucky stars, it is a moment that is trying to open up your whole life. If you turn your back on such a moment and hurry along to business as usual, it may lose you the ball game. if you throw your arms around such a moment and hug it like crazy, it may save your soul.”

— Frederick Buechner

“I indignantly answered, “Do you call light what we men call the worst darkness? Do you call day night?”

To this my soul spoke a word that roused my anger, “My light is not of this world.”

I cried, “I know of no other world!”

The soul answered, “Should it not exist because you know

nothing of it?”

— C.G. Jung, *The Red Book: Liber Novus*

“The really important kind of freedom involves attention, and awareness, and discipline, and effort, and being able truly to care about other people and to sacrifice for them, over and over, in myriad petty little unsexy ways, every day. That is real freedom.

That is being taught how to think.

The alternative is unconsciousness, the default setting, the “rat race” — the constant, gnawing sense of having had and lost some infinite thing.”

— David Foster Wallace, *This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life*

Die digterlike insigte van betekenisvolle toeval

Daniel Hugo

Die sielkundige Carl Gustav Jung het die term sinkronisiteit gemunt vir 'n verskynsel wat hy as “betekenisvolle toeval” omskryf.

Vir hom het dit psigologiese implikasies ingehou wat hy selfs kon gebruik in terapeutiese sessies met sy pasiënte. Twee of meer onverwante gebeure kruis mekaar op 'n gegewe moment en het 'n verhelderende uitwerking op die waarnemer. Dié verbandlegging is natuurlik erg persoonlik van aard.

Ná dekades van leeswerk het sinkronisiteit vir my 'n literêre begrip geword. Soms beleef ek iets wat dan kort daarna korrespondeer met 'n gedagte of beeld in 'n gedig wat ek “toevallig” onder oë kry. Dit blyk dan dat die toeval allesbehalwe toevallig was. Onlangs het ek weer so 'n ervaring gehad.

Tydens my onderhoud met Johann de Lange vir *Ek wou nog sê* – Avbob se reeks TV-gesprekke met digters – vertel hy dat hy jare lank na die korrekte woord gesoek het vir die unieke rooi kleur wat in die wandskilderye van Pompeji voorkom. Hy het dit nodig gehad vir 'n gedig, maar moes die soektog deur kunsboeke en kleurhandleidings, op die internet en by kunsskilders later opgee. Die woord was onopspoorbaar en hy kon daarom nooit die gedig voltooi nie.

In 79 n.C. is Pompeji onder vulkaniese as begrawe toe Vesuvius uitgebars het. Die ondergang van die stad was terselfdertyd die redding van die skilderye wat eeue later eers deur argeoloë ontdek is. D.J. Opperman praat in sy gedig “Dennebol” (in *Dolosse*, 1963) van Pompeji as “die bese stad gekrap uit die ashoop”. Die boosheid is 'n verwysing na die eksplisiet erotiese tonele wat op die binnemure van huise gevind is.

Die dag ná my gesprek met De Lange ry ek na Stellenbosch om bokse boeke uit my oom Piet Conradie se biblioteek te gaan haal. Hy was 'n professor in die klassieke tale en het na 'n versorgingsoord verhuis waar daar nie plek is vir sy uitgebreide boekversameling nie. Tussen die boeke vind ek T.J. Haarhoff – ook 'n professor van Grieks en Latyn – se *Die liefde van Catullus* (1933).

In dié bundel word die Latynse digter Gaius Valerius Catullus (84-54 v.C.) se kort maar hartstogtelike lewe berym. Hy was naamlik verlief op 'n beeldskoon ouer, getroude vrou (Clodia), wat hy in sy gedigte Lesbia noem. Haarhoff se bundel bevat ook vertalings van Catullus se verse, waarvan sommige in die oorspronklike Latyn seksueel ewe openhartig is as die muurskilderye van Pompeji. Haarhoff is besonder terughoudend in hierdie opsig. Die mees gewaagde strofe is die

volgende uitbeelding van Clodia se liggaam wat slegs “vir liefde lewe”:

*Groot, donker oë vol geheime vuur;
'n Tong so skerp as winterwinde guur;
'n Liggaam lenig, lomerig-lui en sterk
Om weelde of ontbering te verduur.*

In die 11de gedig beskryf Haarhoff Clodia se rykmanshuis met marmer, mosaïek en muurskilderys: “. . . wandtonele, goud met rooi, dof-rooi, / en sinnelik ryk en weelderig mooi.” In sy aantekeninge agterin die boek verwys Haarhoff na die muurskilderye van Pompeji met hul kenmerkende rooi agtergrond. Hy het dié gegewe dus verplaas na Clodia se huis in Rome. Wat opval, is dat hy die kleur as “dof-rooi” bestempel, terwyl dit in werklikheid diep-rooi is. Net soos De Lange het Haarhoff dus 'n goeie beskrywende woord kortgekom.

Sinkronisiteit het my tot op hierdie punt gebring. Maar is dit werklik 'n voorbeeld van “betekenisvolle toeval”? Wat het ek uit die ervaring geleer? Beslis die volgende. 'n Goeie digter, soos De Lange, sal 'n hele gedig opoffer as hy nie presies die regte woord kan vind nie, eerder as om onnoukeurig voort te ploeter soos wat Haarhoff in die meeste van sy gedigte doen.

Maar dit is nie waar my sinkronistiese leeservaring geëindig het nie. In een van oom Piet se boekbokse kry ek my ander oom, André Hugo, se intreerede by die Universiteit van Kaapstad – ook in die departement van klassieke tale. Aan die einde van sy lesing bedank hy Haarhoff in Latyn. Hy noem hom “magister venerabilis” (geëerde meester) en spreek sy spyt uit dat die bejaarde afgetredene weens swak gesondheid nie die plegtigheid kon bywoon nie. Die intreerede is op 11 Mei 1970 gehou en Haarhoff is op 30 Augustus 1971 oorlede.

En die insig wat hierdie laaste sinkronistiese toeval oplewer? Haarhoff was 'n goeie Latinis, maar moes liever nie sy hand aan die dig- en vertaalkuns gewaag het nie.

* *Daniel Hugo is 'n digter en vertaler van Prins Albert.*

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/boekevat-die-digterlike-insigte-van-betekenisvolle-toeval-20201026>

“The restlessness in the human heart will never be finally stilled by any person, project, or place. The longing is eternal. This is what constantly qualifies and enlarges our circles of belonging. There is a constant and vital tension between longing and belonging. Without the shelter of belonging, our longings would lack direction, focus, and context; they would be aimless and haunted, constantly tugging the heart in a myriad of opposing directions. Without belonging, our longing would be demented. As memory gathers and anchors time, so does belonging shelter longing. Belonging without longing would be empty and dead, a cold frame around emptiness. One often notices this in relationships where the longing has died; they have become arrangements, and there is no longer any shared or vital presence. When longing dies, creativity ceases. The arduous task of being a human is to balance longing and belonging so that they work with and against each other to ensure that all the potential and gifts that sleep in the clay of the heart may be awakened and realized in this one life.”

— John O'Donohue, *Eternal Echoes*

John O'Donohue, Ph.D., was born in County Clare in 1956. He spoke Irish as his native language and lived in a remote cottage in the west of Ireland until his untimely death in January 2008. A highly respected poet and philosopher, he lectured throughout Europe and America and wrote a number of popular books, including *Anam Cara* and *To Bless the Space Between Us*.

John O'Donohue's life cannot be encompassed within the one act of birth, life and death. He was not a finite act that existed

and is now lost for evermore. He is just a story that is written, spoken and lives amongst us. Just as we are and continue to be. His themes of echo as the response of continuity, imagination as the ability to still see the mountain behind the mist, and absence as the transformed presence of the vanished, awaken our thinking and provide food for our spiritual journey in an increasingly hungry world.

Pat O'Donohue (John's Brother)

<http://www.johnodonohue.com>

Brood vir die pad

Dié doodsonde het dalk 'n baie dieper oorsaak

RRV

In Oktober 1941 lewer die Engelse skrywer Dorothy Sayers (1893-1957) 'n voordrag by 'n byeenkoms van die Public Morality Council ('n organisasie gestig “to combat vice and indecency in London”). Sayers – bekend vir haar speurverhale en vertaling van Dante se *Divine Comedy* – praat by dié geleentheid oor “The Other Six Deadly Sins”. Sy ontleen haar titel aan 'n opmerking van 'n jong man teenoor haar dat hy nie geweet het dat daar sewe doodsondes is nie. Van wellus was hy bewus, maar nie van die ander ses nie.

In haar voordrag – later gepubliseer in *Creed or Chaos?* (1949) – daag Sayers die verskraling van die gesprek oor openbare moraliteit tot seksuele onsedelikheid uit.

Sy verdeel die tradisionele sewe doodsondes in twee groepe en praat van “warm-hearted or disreputable sins” (woede, vraatsug en wellus) en “cold-hearted and respectable sins” (hoogmoed, jaloesie, gierigheid en trae ongeërgdheid). Sayers noem verder dat Christus se sterkste berisping eintlik teen die “koudhartige sondes” was, terwyl die Fariseërs en die keiser veral eersgenoemde groep sondes veroordeel het.

In haar bespreking van een van die “ander doodsondes” wat in Latyn *acedia* genoem word (“sloth” of traagheid, apatie, afsydigheid) skryf Sayers: “It is the accomplice of the others sins and their worst punishment. It is the sin that believes in nothing, cares for nothing, seeks to know nothing, interferes with nothing, finds purpose in nothing, lives for nothing, and only remains alive because there is nothing it would die for.”

Sayers maak dié opmerking tydens die Tweede Wêreldoorlog en waarsku dat krampagtige aktiwiteite juis as kamoeflering kan dien vir wat sy die “leë hart, brein en siel van *acedia*” noem. Ons kan dink, skryf sy, dat die oorlog ons spaar van die versoekinge van traagheid, maar soos die oorlog voortsleep neem dit op 'n dieper vlak die vorm aan van 'n verlamme moegheid, wanhoop en doelloosheid. Daarom dat sy wonder of die wydstrekkende sonde van *acedia* nie dalk die oudste en gevaarlikste van die doodsondes is nie.

Die Trappiste-monnik Thomas Merton (wat goed met die versoeking van *acedia* bekend was, soos beskryf in Donald Grayson se boek *Thomas Merton and the Noonday Demon*) onderstreep ook die diepgrondige aard van *acedia*. In een van sy geskrifte oor die klooster-tradisie skryf hy dat dit meer inhou as die triestigheid wat moeilike maatskaplike omstandighede meebring: “Acedia is rather the sadness, the disgust with life, which comes from a deeper source – our inability to get along with ourselves, and our disunion with God.”

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-doodsonde-het-dalk-na-baie-dieper-oorsaak-20201016>

“If you have never known the power of God's love, then maybe it is because you have never asked to know it - I mean really asked, expecting an answer.”

— Frederick Buechner, *The Magnificent Defeat*

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877